# Vrye Weekblad

**Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika**

23 Maart 1989 | Tel: (011) 836-7236 | **Prys: R1,20** (R1,06 + 14c AVB)


## Kobie wil koerant sluit voor hy oopmaak!

Anton Steenkamp

DIE Minister van Justisie, Kobie Coetsee, het 'n nuwe koerant met 'n verbod gedreig nog voordat die eerste uitgawe verskyn het.

The New African, 'n Durbanse koerant wat op 3 April die eerste keer verskyn, het gister gereageer op 'n brief wat hulle verlede Vrydag van Coetsee ontvang het. Daarin waarsku hy dat die koerant moontlik verbied kan word onder Artikel 5 van die Wet op Binnelandse Veiligheid.

Volgens die redaksie is die koe-rant se kantore ook in Januarie, drie maande voor die publikasiedatum van die eerste uitgawe, deur twee lede van die veiligheidspolisie besoek.

Die polisiemanne, wat hulle eers as verteenwoordigers van 'n finansieringmaatskappy voorgedoen het, het redaksielede oor die planne vir die nuwe koerant ondervra.

Coetsee het verlede Vrydag laat weet dat hy die koerant se aansoek om registrasie en die bedrag van die deposito, wat volgens Artikel 15 van die Wet op Binnelandse Veiligheid vir registrasie gevra kan word, oorweeg.

Volgens dié artikel kan die minister 'n bedrag van tot R40 000 as registrasie-deposito hef. Die grootste bedrag wat nog van enige Suid-Afrikaanse koerant gevra is, was R30 000 vir die registrasie van Vrye Weekblad. Die normale bedrag is R10.

In sy brief, waarin hy die redaksie van The New African vyf dae gee om op sy aantygings te reageer, bevraagteken Coetsee uit die staanspoor die motiewe van die nuwe koerant.

Hy sê dat, volgens sy inligting, een van die voornemende eienaars van The New African 'n "feitesending" na die kantore van New Nation en South onderneem het; dat stappe onder die Noodmaatreëls al teen New Nation "geneem moes word", en dat The New African "waarskynlik op soortgelyke wyse as New Nation sal optree".

Coetsee sê ook dat die Durban Newspaper Group (DNG), wat die ontstaan van The New African geïnisieer het, met organisasies soos die United Democratic Front (UDF) en National Education Crisis Committee (NECC), teen wie onder die Noodmaatreëls opgetree is, in verbinding getree het oor die nuwe koerant. Hy beweer ook dat die DNG verbind is tot die "Suid-Afrikaanse vryheidstryd".

Op grond van hierdie bewerings, en "die veiligheidsituasie in Natal", sê die minister hy "is nie tevrede dat 'n verbod onder Artikel 5 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982, nie in enige stadium mag nodig word met betrekking tot The New African nie".

Die redaksie van The New African maak in hul antwoord aan Coetsee sterk beswaar daarteen dat die minister waarde-oordele oor die koerant uitspreek nog voordat hulle

*Na bladsy 2*


# Breyten-familie dreig oor 'laster'

**Beverley Garson en Peter Auf Der Heyde**

BREYTEN BREYTENBACH se familielede is besig met regstappe teen die 1820 Stigting, die organiseerders van die Grahamstadse Kunstefees, nadat die Stigting na bewering 'n lasterlike pamflet oor die familie gepubliseer het.

Die regstappe spruit uit 'n publisiteitspamflet wat die komende dramaproduksies vir die jaar se fees uiteensit.

Die toneelstuk Stille Nag, waarvan Deon Opperman die skrywer en regisseur is, handel oor verdeelde lojaliteite, liefde en haat, en wat hy noem die "Breytenbach-sindroom" - Afrikaner-families wat in twee geskeur is weens spanning wat deur politieke verskille veroorsaak is.



**Breyten Breytenbach**

Breyten Breytenbach het gister, na tien dae in Dakar, uit Parys gereageer en gesê hy is bewus van die regstappe wat sy familie beoog teen die Stigting en hy ondersteun hulle. Volgens Breytenbach is dit arrogant om van 'n "Breytenbach-sindroom" te praat en die dramaturg kon net sowel van 'n De Wet- of Botha-sindroom gepraat het.

Hy beskou dit as 'n immorele aanval op sy familie, wat nog in Suid-Afrika woon en reg op hul privaatheid het, en sê dit lyk vir hom na goedkoop publisiteit. Hy stel dit egter duidelik dat hy nie 'n waarde-oordeel oor Opperman se werk wil fel nie omdat hy nie vertroud is daarmee nie.

Breyten Breytenbach was sewe jaar lank in die tronk weens "terrorisme" en is in 1982 vrygelaat. Hy woon nou in Parys as 'n uitgewekene en is al verskeie kere 'n visum geweier om Suid-Afrika te besoek.

Sy een broer, Cloete, is 'n fotograaf in Kaapstad en Jan, sy ander broer, 'n senior offisier in die Weermag.

Cloete het uit Kaapstad bevestig dat die familie regstappe teen die 1820 Stigting oorweeg en gesê die Stigting is verantwoordelik vir die

*Na bladsy 2*

## Sharpeville herdenk




**Die skrywer Don Mattera lees op Sharpeville-dag by die Mark-teater uit sy werk voor. Sien bladsy 7**
*Foto: Cedric Nunn*


**Passtoors gou vry? — 4**

**Maties na Lusaka — 3**

**Rozanne, Rozanne, waar is jy heen? — 13**

# ANC nie beïndruk deur FW en 'hervorming'

LUSAKA - Die ANC verwerp gerugte dat die aanstelling van FW de Klerk as hoofleier van die Nasionale Party noemenswaardige veranderinge in Suid-Afrika teweeg sal bring.

In 'n verklaring wat uitgereik is na 'n konferensie van ANC-verteenwoordigers en streektesouriers in Oslo, Noorweë, het die organisasie gesê dat werklike verandering slegs sal plaasvind as die regering die atmosfeer vir sinvolle onderhandeling skep.

Tydens die konferensie, wat deur die Noorweegse minister van buitelandse sake, Thorvald Stoltenberg, geopen is, het die ANC gesê: "Die mense van Suid-Afrika sal aanhou om onder apartheid te ly. Die regering staar 'n dieper en meer permanente politieke en ekonomiese krisis in die gesig wat deur die stryd van binne en buite Suid-Afrika veroorsaak is."

Die afgevaardigdes het die ANC geprys vir die aanstelling van Thabo Mbeki as hoof van sy departement van buitelandse sake in die plek van Johnny Makatini, wat oorlede is.

Die konferensielede het gesê die situasie in Suid-Afrika bly onveranderd. Dit vereis dat die ANC, die demokratiese beweging en die mense van Suid-Afrika met die stryd teen apartheid moet voortgaan en dit versterk moet word.

"Daarvolgens moet ons die gewapende stryd en die politieke offensief uitbrei," lui die verklaring.

'n Woordvoerder van die ANC in Lusaka het gesê die ANC sal nie die "gewapende stryd" vir enige ander strategie prysgee nie en geen druk van enige regering sal hulle oorhaal om dit te doen nie.

Die ANC ontken ook dat die Sowjet-Unie hulle gevra het om geweld te staak: "Die ANC is nie van plan om van hulle beleid van geweld af te sien nie en enige voorstelle van enigiemand in hierdie verband word verwerp.

"Die gewapende stryd is vir ons baie belangrik en vorm 'n belangrike element van ons poging om die Suid-Afrikaanse regering tot ander insigte te bring.

"Dit sal selfmoord wees as ons ons beleid laat vaar. As ons die gewapende stryd laat vaar, sal ons die demokratiese beginsels waarvoor ons pleit ook prysgee."

Volgens die Sowjet-Unie se ambassadeur in Botswana, Viktor Krivda, is die gerugte dat daar 'n verandering in die Sowjet-Unie se beleid oor die gewapende stryd in Suid-Afrika is 'n poging om 'n wig tussen die ANC en die Sowjet-Unie te dryf.

## Geen geskille

Krivda het gesê dat sy land die "edele saak" van die ANC se pogings om 'n demokratiese, nie-rassige samelewing in Suid-Afrika te skep sal bly ondersteun.

Tydens onlangse samesprekings in Moskou het Juri Joekalof, hoof van Afrika-administrasie in die Sowjet-Unie se buitelandse departement gesê daar is geen geskille tussen die ANC en die Sowjet-Unie nie.

"Die Sowjet-Unie en die ANC glo dat die afskaffing van apartheid deur middel van politieke ooreenkomste bereik moet word en dat dit in die belang van alle Suid-Afrikaners is.

"Dit is nodig om omstandighede wat geweld uitsluit te skep, maar dit hang nie van die Sowjet-Unie of die ANC af nie, maar van die Suid-Afrikaanse regering."

Die konferensie in Oslo het ook die Suid-Afrikaanse regering daarvan beskuldig dat hulle 'n veldtog begin het om legitimiteit te verkry "sonder om doeltreffende stappe te neem om werklike veranderings mee te bring".

Die konferensie het ook besluit om die veldtog vir sanksies te versterk en het spesiale aandag geskenk aan spesifieke vraagstukke soos die wapenverbod, ekonomiese sanksies en die moontlikheid van verdere optrede vanuit Japan, die VSA en die Europese gemeenskap. - ANO



FW de Klerk

## Matie SR-lede vier dae in Zambië

**Anton Steenkamp**

AGTIEN studente van die Universiteit van Stellenbosch, onder wie agt SR-lede, het gister (Woensdag) op 'n toer na Zambië vertrek, waar hulle waarskynlik lede van die ANC sal ontmoet - net meer as drie jaar nadat agt Maties wat met die ANC in Lusaka wou gaan praat, se paspoorte ingetrek is.

Die SR-lede gaan in hul persoonlike hoedanigheid en systap so 'n SR-mosie wat Maandagaand aanvaar is en verklaar dat "lede van die Stellenbosse Studenteraad van die 1988/89-termyn nie met die ANC in gesprek sal tree nie".

Die toer sal skielik 'n gedaanteverwisseling na 'n "amptelike" toer van die Stellenbosse Politieke Ondersoek- en Gesprekskomitee (Spog) ondergaan so gou soos dieselfde groep Zambië verlaat en in Namibia aankom vir die tweede deel van hul toer. Spog is 'n sub-komitee van die SR.

"Uit die staanspoor was daar geen amptelike skakeling met die ANC op ons program nie. Die punt is egter dat 'n mens in geen Afrika-land kontrole het oor wie watter forums bywoon nie," het Mark Behr, SR-lid vir Spog, aan Vrye Weekblad gesê. "Die moontlikheid bestaan dus dat 'n mens lede van die ANC raakloop by akademiese forums."

Volgens Behr sal die groep as gaste van die Zambiese president, dr Kenneth Kaunda, onthaal word en onder andere regeringslui, kerkleiers, lede van die Southern African Development Co-ordinating Committee (SADCC) en Afrikaanse inwoners van Zambië ontmoet.

Hulle sal net vier dae in Zambië bly, en gaan dan agt dae lank Namibia toe om met verteenwoordigers van Swapo, die VVO, die tussentydse regering, vakbonde, boere en die Nasionale Party te praat.

Die groep het baie teenkanting van die NP-jeugtak en Jeugkrag op die kampus gekry oor gerugte dat hulle met die ANC sou gaan praat.

Dit het uitgeloop op die SR-vergadering waar die mosie wat gesprekvoering met die ANC afkeur deur twee van die meer konserwatiewe SR-lede ingedien en aanvaar is.

Afgesien van die SR-lede, bestaan die res van die groep uit bestuurslede van die studentetak van die Nasionale Demokratiese Beweging, redaksielede van die studentekoerant Die Matie, 'n koshuisprimaria en die voorsitter van die Stellenbosse tak van Regslui vir Menseregte.

# NGK finaal op pad van isolasie

**Elsabé Wessels**

DIE Nederduitse Gereformeerde Kerk se volgehoue weiering om een kerk met sy susterkerke te vorm en apartheid ongekwalifiseerd te verwerp, het Suid-Afrika se grootste wit kerk nou finaal op die pad van isolasie geplaas.

Met hul weiering om apartheid te verwerp, soos uitgespel deur die onlangse beraad in Vereeniging, het die NGK homself verder van die swart kerke in die NGK-familie gedistansieer, sê die kerkleier dr Beyers Naudé.

Die NGK het gister (Woensdag) in 'n verklaring weer eens beklemtoon dat hy nie "kerkeenheid op gemeentes sal afdwing nie."

Die persoonlike standpunt wat die Moderator van die NGK, prof Johan Heyns en ander NGK-leiers ingeneem het deur sekere vorme van apartheid te probeer goedpraat, het 'n verdere wig van wantroue tussen die NGK en die res van die NGK-familie ingedryf en die kerk se rol in die handhawing van rasse-diskriminasie in Suid-Afrika beklemtoon, het Naudé gesê.

Deur die NGK wel die geleentheid te gee om 'n belangrike versoeningstap vorentoe te neem, het die swart kerke "meer as net die tweede myl geloop. Die swart kerke kan nie langer wag vir die NGK nie. Die swart kerke gaan nou effektief oor tot eenwording," het Naudé gesê.

Verandering in die NGK beweeg so stadig dat die kerk homself meer en meer geïsoleer het en irrelevant gemaak het ten opsigte van die proses van bevryding in Suid-Afrika, het hy gesê.

Ander leidende figure in die swart kerke het ook die isolasie van die NGK beklemtoon.

Die swart kerke, waaronder die NGK in Afrika en die NG Sendingkerk dring daarop aan dat die NGK die sleutelwette van apartheid, die Wet op Rasseklassifikasie, die Groepsgebiedewet, die Wet op Grondbesit en die Wet op Afsonderlike geriewe verwerp en hul afskaffing bepleit.

Ná 'n twee week lange eierdans, by die onlangse kerkberaad in Vereeniging en die daaropvolgende standpuntinname van die Algemene Sinodale Kommissie (ASK), het dit duidelik geword dat Heyns en ander NGK-leiers nie bereid of gereed is om hulself van hul posisie in die amptelike beleidstuk van die NGK, Kerk en Samelewing te distansieer nie.

Kerk en Samelewing veroordeel net die ideologie van apartheid en nie die praktiese toepassing daarvan nie.

Heyns het persoonlik daarop aangedring dat "sekere vorme" van apartheid nie tot sonde verklaar kan word nie. Aan Vrye Weekblad het Heyns onder meer gesê dat "liefde vir eie taal en kultuur ook 'n stuk apartheid is" wat hy "weier om as sonde te verklaar".

Alhoewel dit aanvanklik geblyk het dat Heyns en die ander NGK-afgevaardigdes wat die beraad van Vereeniging bygewoon het tog bereid sou wees om die swart kerke tegemoet te kom, blyk dit nou dat die NGK se standpunt onveranderd is, het Naudé gesê.

Die kwalifisering van apartheid word egter deur die swart kerke as 'n politieke spel ter ondersteuning van die NP-regering beskou.

Naudé wat in 1960 ná die Cottesloe-beraad die NGK verlaat het nadat NGK-leiers hul aan die kant van die regering geskaar het oor belangrike kerk-politieke standpunte, het beklemtoon dat die NGK nog nie die posisie van Cottesloe herwin het nie.

Dit is duidelik dat die NGK skeuring op wit party-politieke gronde probeer verhoed ten koste van eenheid met swart susterkerke, het hy gesê.



Johan Heyns en Beyers Naude

## Ons piekniek die groepsgebiede dood

**Anton Steenkamp**

DIE Groepsgebiedewet is verlede Sondag doodgekuier toe swart, bruin, blanke en Indiërgesinne saam in Homestead Park in die weste van Johannesburg piekniek gehou het.

Terwyl die kinders op die gras baljaar en sokker gespeel het, het die grootmense weggelê aan halaalhoender, samoesas, vrugtesap, koek en tee.

'n Bejaarde blanke inwoner van die "wit" woonbuurt, waar minstens 42 Indiërgesinne woon, het probeer om 'n stokkie voor die kuiery van sy mede-inwoners te steek.

Hy het die Indiërs uit die park probeer verjaag en hulle selfs met 'n rewolwer gedreig, maar hulle het hom geïgnoreer.

Hy ontbied toe die polisie, wat saam met die ander aan die versnaperinge weggelê het en toe hul gang gegaan het.

Nassiem Pahad, 'n bestuurslid van Actstop, wat die piekniek bygewoon het, het gesê dit was 'n groot sukses.

"Ons het dit duidelik gemaak dat ons hier is om te bly, en behalwe vir dié een gesin lyk dit asof ons nuwe bure bereid is om dit te aanvaar en in vrede saam te leef. Kyk hoe lekker speel die kinders al klaar saam," het hy beduie.

# Passtoors binnekort vry?

Elsabé Wessels

DIE veroordeelde ANC-aktivis Helena Passtoors kan binnekort vrygelaat word indien die Suid-Afrikaanse en Belgiese regerings 'n voorlopige ooreenkoms bekragtig.

Volgens diplomatieke bronne word die saak vandag (Donderdag) deur die Kabinet en môre deur die Belgiese regering bespreek. Die ooreenkoms is verlede week deur Pik Botha en die Belgiese minister van buitelandse sake, Leo Tindermans, opgestel.

België oefen lank reeds druk op die Suid-Afrikaanse regering uit om Passtoors, 46, wat vir hoogverraad tien jaar tronk toe gestuur is, te deporteer.

Passtoors se seun Fabrice, 15, word vandag in Suid-Afrika vir 'n besoek aan sy ma verwag.

Passtoors is in Mei 1986 skuldig bevind omdat sy wapens vir die ANC gesmokkel het.

Sy is kort na haar man, Klaas de Jonge, in hegtenis geneem. De Jonge het lank in die Hollandse ambassade in Pretoria geskuil, en is later uitgeruil.

Na verneem word ly Passtoors aan ernstige senuwee-probleme, en het 'n paar maande gelede epileptiese aanvalle gehad.

Volgens diplomatieke bronne het die Suid-Afrikaanse regering reeds in 1987 in beginsel ingestem om haar te deporteer, maar sy moes eers in 'n hofsaak getuig. Sy is nooit gevra om te getuig nie.

In Januarie 1988 het hernieude druk uit België tot die skorsing van drie Suid-Afrikaanse diplomate uit dié land gelei.

Daar is beweer dat Botha nie sy woord gehou het nie.

Passtoors is in Julie verlede jaar uit die Kroonstad-gevangenis na die Sentrale Gevangenis in Pretoria oorgeplaas.



Die vier aangehoudenes voordat hulle die Duitse ambassade Woensdag verlaat het

*Foto: Philip Littleton*

# Inperking 'n 'tronk buite 'n tronk'

Elsabé Wessels

UITERS streng voorwaardes vir die vrylating van aangehoudenes onder die noodtoestand is dié week as "'n tronk buite 'n tronk" en " 'n nuwe strategie vir onderdrukking" deur regslui en menseregtegroepe veroordeel.

Sowat 90 persent van aangehoudenes wat vrygelaat is, is so te sê onder huisarres, het Audrey Coleman van die hulpsentrum vir vrygelate aangehoudenes in Johannesburg gesê.

Streng inperkingsmaatreëls is dié week onder die soeklig geplaas nadat vier aangehoudenes wat uit die Hillbrow-hospitaal ontsnap het en in die Duitse ambassade in Pretoria gaan skuil het, op "onvoorwaardelike vrylating" aangedring het.

Die vier, Epraim Nkoe, Mpho Lekgoro, Clive Radebe en Job Sithole, was in die hospitaal nadat hulle op 'n eetstaking was.

'n Regsverteenwoordiger het dié week gesê die voorwaardes waaronder aangehoudenes vrygelaat word, is daarop ingestel om betrokkenes van alle politieke aktiwiteite te isoleer. Die regering het vir hulle "'n tronk sonder tralies" geskep.

Aangehoudenes word na vrylating tot 'n bepaalde landdrosdistrik beperk, op sekere tye tot 'n bepaalde terrein beperk, en verbied om in die teenwoordigheid van meer as tien mense te wees. Geen byeenkoms waar die staat, regeringsbeleid of plaaslike regering gekritiseer word, mag bygewoon word nie.

In sommige gevalle moet mense soveel as twee keer 'n dag by 'n polisiestasie aanmeld. "Dié maatreël plaas nog groter geldelike druk op aangehoudenes wat reeds van inkomstes beroof is. Die maatreëls verhoed ook dat aangehoudenes ná hul vrylating na skole, universiteite of 'n werk kan terugkeer," het Coleman gesê. Baie van hulle word ook toelating tot skole geweier.

'n Woordvoerder van die Kommissie vir Menseregte het die streng voorwaardes as 'n "nuwe strategie vir onderdrukking" beskryf wat die "bona fides van die regering onder verdenking plaas".

Regslui, kerkleiers en familie van aangehoudenes wat op 'n eetstaking gegaan het, het die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, 'n maand gelede gespreek. Daarna is begin om aangehoudenes vry te laat.

Volgens die regering is sowat 580 van die sowat 1000 aangehoudenes wat in Februarie in aanhouding was sedert die onderhandelinge met Vlok vrygelaat.

'n Woordvoerder van die Kommissie vir Menseregte het dié week egter bekend gemaak dat 80 aangehoudenes landwyd nog op 'n eetstaking is. Drie van die sowat 35 aangehoudenes wat in die hospitaal opgeneem is, se toestand is ernstig. Die eetstakers eis onvoorwaardelike vrylating.

Daar heers veral groot bekommernis oor die 17 aangehoudenes wat by John Vorster-plein in Johannesburg aangehou word. Twee van die 17 is in die hospitaal opgeneem, maar omdat hulle onder artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou word, kon familie en regsverteenwoordigers hulle nie besoek nie. Hulle toestand is onbekend.

Die kommissie het beklemtoon dat die gevangenisowerhede alles in die stryd werp om eetstakers van mekaar te isoleer om so te verhoed dat die staking uitbrei.

"Die dood van 'n enkele aangehoudene nou sal die regering groter skade berokken as die dood van Steve Biko in 1977," het die Menseregtekommissie dié week in 'n verklaring gesê.

# Duisend dae van wanhoop

Elsabé Wessels

NA amper 'n duisend dae in aanhouding in 'n beknopte sel saam met twintig ander is Goliath Kwandele verlede week uit Krugersdorp se gevangenis vrygelaat - sonder dat hy ooit aangekla is.

Toe hy aangehou is, was Kwandele 18 jaar oud. Hy was 'n skrander matriekleerling wat 'n graad aan die Universiteit van die Witwatersrand wou volg. Sy ma, 'n huishulp van Westonaria, het spaarsaam geleef om haar seun verder te laat leer.

Om halfdrie die oggend van 30 Julie 1986 is hy aangehou. Hy het nie matriek geskryf nie en van die geld wat vir sy studies moes betaal, is gebruik om sy ma elke tweede week Krugersdorp toe te neem.

Vandag probeer Kwandele sy jong lewe in orde kry. Hy is een van honderde aangehoudenes wat ná sy vrylating by dienssentrums om hulp gaan aanklop.

Kwandele is die skuilnaam van een van duisende aangehoudenes wat sedert 1986 sonder verhoor onbepaald onder die noodtoestand aangehou is.

Hy was 30 dae in aanhouding voordat redes verstrek is vir die drastiese stap wat hom 32 maande lank uit die samelewing geneem het. Die regering het beweer dat hy as lid van die Azanian Students Movement die staat sou wou ondermyn en die huidige regering met 'n alternatiewe struktuur wou vervang. Hy is ook beskuldig dat hy betrokke was by die bus- en verbruikersboikot.

Hy is nie aangekla nie en is net een keer ondervra - daarná was dit net dae en nagte van onsekerheid en 'n eindelose gewag.

Kwandele het probeer studeer, maar ongure tronkomstandighede het die oorhand gekry. Met slegs 'n paar meter vloerruimte waar twintig mense slaap, eet en was, het hy neerslagtig geword.

Die eens opgewekte en ambisieuse bestuurslid van die Azanian Students Movement het vinnig gewig verloor, al hoe moeiliker begin kommunikeer en in 'n swart depressie verval. Dit was asof die wêreld van 'n mens vergeet het, het hy ná sy vrylating gesê.

Kwandele is hierdie week deur sy prokureur as 'n uitsonderlike jong man beskryf. "Ek dink hy sal herstel van die skade, maar van sy vriende wat saam met hom in aanhouding was, het erger emosionele letsels opgedoen," het hy gesê.

Kwandele se "vryheid" is egter 'n halwe vryheid - hy is ingeperk.

# Maer koeie laat Anglo plaaswerkers afdank

Anton Steenkamp

SOETVELDE-LANDGOED, 'n filiaal van Anglo American Corporation, het 17 plaaswerkers op die Uitvlucht-voerplaas naby Vereeniging afgedank.

Die bestuur van die voerplaas het gesê hulle is genoodsaak om die werkers af te dank omdat die toestande op die voerplaas, waar beeste vetgevoer word net voordat hulle na die slagpale gestuur word, sodanig verswak het dat die beeste nie meer vetgevoer kon word teen 'n wins nie.

Die Orange Vaal General Workers Union (OVGWU), wat die werkers verteenwoordig, het nadere besonderhede oor die redes vir die afdanking gevra, waarop die bestuur toe ander redes ook aangevoer het, onder andere die daling in die aanvraag na beesvleis.

Volgens 'n OVGWU-woordvoerder is die beesvleis-mark op die oomblik egter heel stabiel.

Volgens 'n Amfarms-nuusbrief van Mei 1988 het die voerplaas 'n stewige wins getoon in die vorige jaar.

Die Amfarms-nuusbrief het verder in Oktober 1988 berig dat die maatskappy nog ses plase gaan huur, aangesien dit in die lig van die "onsekerheid van die winsgewendheid van droëlandgewasse wenslik is om die produksie van bees-, skaapen varkvleis uit te brei."

OVGWU het op samesprekings met die bestuur op 13 Maart daarop gewys dat Amfarms se Indiensnemingsvoorwaardes wat in 1984 aanvaar is, bepaal dat die maatskappy sal probeer om afdankings te voorkom deur alternatiewe maatreëls te oorweeg.

Die woordvoerder van OVGWU het vandeesweek gesê hulle het die bestuur daarop gewys dat Amfarms 18 plase besit en dat hulle aandeelhouers is van groot industriële maatskappye.

Die vakbond wou weet waarom die werkers nie by een van dié maatskappye in diens geneem kon word nie.

Die bestuur het gesê dis onmoontlik, omdat die werkers nie vir industriële werk opgelei is nie, en dat die maatskappy nie daarvoor verantwoordelik is om vir hulle ander werk te kry nie.

Mark Allen, mannekraggroepsbestuurder van Amfarms, het gister gesê die voerplaas moes gesluit word omdat dit nie meer winsgewend was nie.

Van die 40 werkers op die voerplaas is 13 na ander plase oorgeplaas, maar die orige 17 moes afgedank word.

Amfarms probeer nog die afhanklikes van die afgedankte werkers akkommodeer.

Die werkers is drie maande kennis gegee om van die plaas af pad te gee.

* Intussen het die bestuur van die Grootvlei-myn, 'n filiaal van Genmin, Dinsdag aangekondig dat 1700 werknemers van die myn oor die volgende drie maande afgedank sal word.

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

Ons werk om nou 'n verskil te maak.

# 'n Enkele blom op Sharpeville-grafte tussen die bossies


Jeffrey Mailane by sy pa se graf
*Foto: Philip Littleton*

Elsabé Wessels

OP 69 grafte in die Sharpeville-begraafplaas is daar Dinsdag elk 'n enkel blom geplaas. Met hierdie gebaar het familie en politieke aktiviste die dood van 69 inwoners voor Sharpeville se polisiestasie op 21 Maart 1960 herdenk.

Die 69 mense is doodgeskiet, meesal in die rug, toe sowat 300 polisiemanne losgebrand het op 'n skare van 5000 tydens die PAC se versetveldtog teen die paswette. Pasboeke is onder meer op georganiseerde wyse verbrand.

Maar sedert 1985 is dit nie net Sharpeville se slagoffers wat onthou word nie. In Uitenhage is ten minste 29 mense in 1985 op dieselfde dag tydens 'n Sharpeville-herdenkingsdiens doodgeskiet.

Dit was egter 'n klein groepie wat Dinsdagoggend dou voor dag met pikke en grawe opgedaag het om die lang ry onversorgde Sharpeville-grafte oop te skoffel - onder die waaksame oog van die SAP en SAW.

By die begraafplaas en die gemeenskapsaal in die township waar 'n herdenkingsdiens gereël was, het die polisie eerste stelling ingeneem. Hul teenwoordigheid is versterk deur soldate in pantservoertuie wat die strate deurkruis het.

Van die aktiviste het die opsigtelike teenwoordigheid van die polisie en weermag as rede vir die klein opkoms aangevoer. Ander het beweer dat die Swart Bewussynsgroepe nie dieselfde ondersteuning geniet as dié wat die sentimente van die UDF en ANC huldig nie.

By die grafte het die getal later die oggend aangegroei tot sowat sestig - almal ondersteuners van die Swart Bewyssynsbeweging volgens die embleme en slagspreuke op hul T-hempies: "Nactu", "Azanian National Youth Unity" en "Sobukwe lives".

Die saluut by die grafte en die gemeenskapsaal was die oophandsaluut van die PAC. Die leier wat in gedagtenis geroep is, was PAC-leier Robert Sobukwe, en die krete wat geroep is was vir Afrika-eenheid. "Van die Kaap tot Kaïro een Afrika, Van Marokko to Madagaskar een Afrika!"

Die teenwoordigheid van die burgemeester van Lekoa, Samuel Kolisang, het van die mense effens ongemaklik gelaat. Die stadsraadslede word nie in die township aanvaar nie.

Toe die verrigtinge later na die gemeenskapsaal verskuif is - dit was die eerste keer dat die herdenkingsdiens op raadsgrond plaasgevind het - is Kolisang die geleentheid gegee om 'n herdenkingsrede te lewer.

Teen dié tyd het die skare - ondanks die teenwoordigheid van veiligheidspolisiemanne in slenterdrag en koeldrank in die hand - tot sowat 150 aangegroei.

"Ek staan hier as 'n burgemeester en 'n vader," het Kolisang gesê. "Dit is ons verantwoordelikheid om ons dooies te onthou. Wat op 21 Maart 1960 gebeur het mag nooit deur die inwoners van Sharpeville vergeet word nie. Ons het ons vaders en ons broers verloor."

Van die manne wat die verrigtinge waargeneem het, was kinders toe polisie losgetrek het met koeëls op die skare wat in die hitte van die PAC se pasboekverset voor die polisiestasie vergader het.

Onder hulle was Jeffrey Mailane, seun van een van die Sharpeville-slagoffers, John Mailane.

Hy was vyf jaar oud toe sy pa die Maandagoggend doodgeskiet is. Sedertdien het hy elke jaar sy pa se graf kom besoek. Dinsdagoggend het hy en sy broer Henry blomme op hul pa se graf kom sit.

Vanjaar het die March 21 Coordination Committee die reëlings vir die herdenking getref.

"Sharpeville-dag is die Afrikaniste se dag," het een van die organiseerders gesê. Almal het verwag dat die PAC-leier Zeph Motopheng wat onlangs vrygelaat is, sou opdaag om die herdenkingsvergadering toe te spreek.

Maar Motopheng het nie opgedaag nie. Sy afwesigheid het 'n demper op die verrigtinge geplaas.


Studente herdenk Sharpeville-dag op die Wits-kampus
*Foto: Philip Littleton*

# 'n Lekker huis, maar waar is my bene?

Michel Muller

'N Koeël in die rug het vir Lawrence Gqubule 'n gerieflike huis in Kwanobuhle gekoop. Maar sy bene moes afgesit word en hy is van sy middel af ondertoe verlam.

Dié week is 'n hartseer tyd vir Uitenhage en in besonder vir die inwoners van Langa. Vier jaar gelede, op 21 Maart 1985, is 29 inwoners deur die polisie doodgeskiet tydens 'n vreedsame begrafnisoptog. 'n Jaar later is 50 000 mense deur gedwonge verskuiwings van hulle woonplekke ontneem.

"Ek het nog nie eintlik aan die toekoms gedink nie," sê die Gqubule, wat R450 000 skadevergoeding ontvang het.

"Dit is die grootste bedrag wat nog deur een persoon in 'n skikking buite die hof ontvang is.

Die totale bedrag wat deur die staat vir die slagoffers en familielede uitbetaal is, beloop R1,3 miljoen vir 51 burgerlike eise.

Gqubule, wat bedlêend is, het onlangs 'n huis gekoop in Kwanobuhle, nadat hy uit Kabah geskop is. Maar hy sê hy is nie meer bitter oor die gebeure van 21 Maart 1985 nie.

"Maar die geld het my ook nie gelukkig gemaak nie."

Hy het voor in die vreedsame optog na die begraafplaas geloop toe hy die polisieversperring in die pad sien.


"Die mense voor my het skreeuend neergeval, terwyl dié agter my begin weghardloop het. Ek is deur 'n koeël in my knie getref. Ek het omgedraai om te hardloop, maar 'n koeël het my in my rug getref en ek het geval," sê hy.

Dennis Worrall, wat toe nog Suid-Afrika se ambassadeur in Londen was, het die Langa-voorval as 'n keerpunt in Suid-Afrikaanse buitelandse betrekkinge beskryf.

Die Kannemeyer-Kommissie van Ondersoek het gesê dat die blaam vir die dood van die mense en die besering van baie "nie aan 'n oordeelsfout of die menslike swakheid van een enkele persoon toegeskryf kan word nie".

Regter Kannemeyer het ook gesê dat as daar ordentlike toerusting beskikbaar was, die mense sonder enige besering uiteen sou gegaan het.

"As die begrafnis nie onnodiglik en onder twyfelagtige omstandighede verbied was nie, sou die optog waarskynlik sonder enige voorval kon plaasvind," het hy gesê. - Pen



# Angola hou karnaval en hoop vir vrede

**Hoewel die ekonomie van Angola weens die oorlog omtrent tot stilstand gekom het en duisende mense dood of vermink is, hou die Angolese dié maand karnaval in die hoop dat vrede uiteindelik na hierdie oorloggeteisterde land sal terugkeer. 'n Spesiale Korrespondent doen verslag uit Luanda.**

DIE Angolese hoofstad Luanda en die hele Angola leef steeds onder spesiale oorlogswette. Teen sononder verskyn militêre patrollies in die stad se strate en op sy pleine en wagte neem stelling in om regeringsgeboue en -installasies te beskerm.

Daar is 'n tekort aan water en elektrisiteit. Baie mense is kreupel gelaat deur anti-personeelmyne wat nog steeds deur Unita geplant word. In die hoofstad sien jy nie net soldate nie, maar ook ou mans, vrouens en kinders op krukke.

Weens die gevare wat heers in die Republiek van Angola, is militêre distrikte tot oorlogsfronte verklaar. Die rede is duidelik. Die Unita-rebelle het nog nie wapens neergelê nie, en sommige gebiede van die land word steeds deur hulle beheer.

Nuwe gevegsoefeninge sou op die dag van my aankoms begin, het die top militêre adviseur van die Sowjet-Unie, luitenant-generaal Pyotr Gusev, aan my gesê. Die minister van verdediging sal die oefeninge naby Caxito in die Bengo-provinsie bywoon.

Wil ék dit bywoon? Dit het 'n paar minute geneem om weermagsklere aan te trek. Ek is in 'n motor lughawe toe geneem, waar Gusev se MI-17 helikopter reg gestaan het.

## Getref

Met my aankoms op die lughawe het netjies geklede soldate met oop gesigte hulle in volgorde van senioriteit aan my voorgestel.

Pyotr Gusev het na die helikopter se masjiengeweer gekyk, gevra hoeveel ammunisie aan boord was en ook vir 'n koeëlvaste onderbaadjie vir my gevra. Alles was in orde. Ons het opgestyg.

Ons het gesels oor generaal Pedro Maria Tonha Pedale, minister van verdediging en 'n lid van die MPLA se politburo, 'n man wat 'n legende geword het. Hy was 'n vriend van Agostinho Neto, die eerste president van Angola, en het die guerrillabeweging MPLA in die Cabindagebied teen die Portugese aangevoer.

In Oktober 1967 is hy deur 'n myn getref, en was ses maande lank blind. Daarna het hy weer sy pligte opgeneem.

Angola het op 11 November 1975 onafhanklik geword, maar onafhanklikheid het nie vrede gebring nie. Die suidelike gedeelte van Angola was voortdurend in 'n oorlog met Suid-Afrika en Unita gewikkel.

Baie mense is dood of vermink in mielielande waar Unita myne geplant het.

Angola is bekend vir sy vrugbare grond en ryk mineraalafsettings (olie en diamante). Tog is Angola, met sy bevolking van nege miljoen, een van die armste lande in Afrika. Oor die afgelope klompie jare het die landbou-opbrengs met 80 persent gedaal. Die ontginning van diamante, wat voorheen 'n belangrike bron van inkomste was, het omtrent tot stilstand gekom.

Die regering bestee omtrent die helfte van sy begroting op die gewapende magte, en die helfte van sy buitelandse skuld van omtrent drie miljard dollar is weens militêre uitgawes opgebou.

Voedseltekorte is veral akuut in die suide, wat tot onlangs die gebied van hewige gevegte was. Volgens amptelike inligting is 20 tot 30 persent van die kinders chronies ondervoed.

Luanda se sentrale mark, veral die groente- en visstalletjies, is 'n opwindende plek. Ek het varkvis gesien wat tot 20 kg weeg, sowel as tjokka, oktopusse, garnale, krewe en krappe.

Maar die pryse was ongelooflik hoog. Inflasie het die nasionale geldeenheid baie verswak, wat dit baie moeilik maak om vis te koop.

Terselfdertyd is groot hoeveelhede vleis, groente en ander landbouprodukte besig om in klein dorpies op te gaar. Weens 'n verskeidenheid redes is kleinboere nie in staat om dit in dorpe af te lewer nie.

Dit is gevaarlik om per pad te reis omdat paaie en brûe óf beskadig óf gelandmyn is óf deur Unita beheer word. Dit is ook nie baie winsgewend om landbouprodukte op die dorpsmarkte te verkoop nie omdat die waarde van die kwanza soveel afgeneem het dat die kleinboere nie die nodige goedere kan koop nie.

Die regering probeer die mees belowende sektore van die ekonomie stimuleer. Die parlement het onlangs voorsiening gemaak vir die instelling van 'n staatsliggaam vir koffie, wat saam met olie en diamante een van Angola se belangrikste inkomstebronne is.

In die afgelope tien jaar het die koffieproduksie met 90 persent gedaal weens die ingewikkelde militêre en politieke situasie en die gebrek aan beleggings en geskoolde mannekrag.

## Vertroue

Koffieplantasies word nou herbeplant en vergroot. Die regering het onlangs nog twee liggame daargestel wat om koffiekwekers - staatsplase, kleinboerverenigings of individuele kleinboere - van kunsmis, implemente en vervoermiddels te voorsien.

Toe ons helikopter naby Caxito land en sand die lug in waai, was die eenhede van die President se Regiment reeds aangetree.

Hoewel luitenant Elter Batista Elter jonk is, het hy vol vertroue voorgekom. Volgens die tolk het Elter hom herhaaldelik onderskei in operasies teen Unita, waarin hy gewond is.

"Dié sentrum is daargestel om soldate in vredestyd op te lei," het Elter ironies gesê. "Sy doel is om die paraatheid van die weermag op hoë vlak te hou."

Dit was middag en die temperatuur het op 40 grade Celsius gestaan. Ons het na 'n gemotoriseerde peloton in 'n opleidingsaanval gekyk, en ook hoe 'n tenk-eenheid en 'n artillerie-eenheid skietoefeninge hou.

Dié oefeninge verskuil egter die Angolese se soeke na vrede. Baie mense het oor die komende Maart-karnaval gepraat.

Die karnavalmars in Luanda is iets om te aanskou.

Saans wanneer dit koeler word, marsjeer 'n eindelose stroom mense in feestelike gewaad, sowel as dansgroepe en orkeste langs die kaai in Luanda. Tussen hulle is baie mense uit nabygeleë dorpies en die platteland.

Die Maart-fees word amptelik die "oorwinningskarnaval" genoem. Dit is deur Agostinho Neto ingestel en 'n lied wat deur Neto geskryf is, "Ons sal terugkeer", word tydens die optog gesing.

"Ons sal terugkeer na Angola,
na die warm grond,
en die goue sand van sy kus ...
Ons sal ons rykdom herwin -
diamante en goud,
olie en koper.
Ons sal terugkeer!"

Vanjaar vier die Angolese fees in die hoop dat die konflik in hul land uiteindelik beëindig sal word. Hulle hoop dat die ooreenkoms tussen hul land, Kuba en Suid-Afrika vrede sal bring. - ANO

# Rivierblindheid dalk genees



'n Amptenaar van die Wêreld-Gesondheidsorganisasie gesels met 'n slagoffer van rivierblindheid in Burkina Faso

**Baffour Ankomah**

'N REUSE deurbraak in die behandeling van rivierblindheid (onchocerciasis) is in Wes-Afrika gemaak.

'n Nuwe geneesmiddel, Mectizan, wat oor die afgelope 12 jaar deur 'n Amerikaanse firma ontwikkel is, was baie suksesvol in die elf lande in Wes-Afrika waar dit van Oktober verlede jaar af gebruik word.

"Uit proeflopies word duidelik bewys dat Mectizan maklik aanvaar word deur pasiënte en dat dit nie net die mense help nie, maar blykbaar ook die besmetting deur swartvlieë (wat die siekte versprei) help bekamp," het 'n beampte van die Wêreld-Gesondheidsorganisasie onlangs gesê.

Sowat 17 miljoen mense, van wie 340 000 reeds blind is, is al deur die siekte aangetas, en 85 miljoen mense in 35 ontwikkelende lande loop die gevaar om rivierblindheid op te doen.

## Swartvlieg

Die siekte kom veral in Wes- en Sentraal-Afrika, die Midde-Ooste en in Sentraal- en Suid-Amerika voor. Die WGO skat dat 78,2 miljoen mense in Afrika die risiko loop om aangetas te word.

Die siekte word veroorsaak deur die "swartvlieg" wat in riviervalleie hou. Die vrugbaarste broeigrond van dié vlieë is in die Bui-gebied van Ghana, sê 'n WGO-beampte.

Die geneesmiddel word gratis verskaf aan arm lande wat dit nie kan bekostig nie. 'n Komitee van deskundiges is deur die WGO aangestel om sulke lande van raad en kundigheid te bedien.

Teen Desember verlede jaar is sowat 100 000 pasiënte in Wes-Afrika al met Mectizan behandel, en die doeltreffendheid daarvan het alle verwagtinge oortref.

"Dit is die geval omdat die liggaam dit so maklik verdra en dit pasiënte baie beter laat voel," sê Douglas Marr, 'n WGO-beampte.

Mectizan waarborg nie algehele genesing nie, maar sorg vir 'n groot mate van verligting. Die volgehoue gebruik daarvan sal die siekte moontlik genees. - New African


# Vrye Weekblad

**Is jy die soort wat alles sluk wat vir jou gevoer word?**

Is jy tevrede dat ander mense namens jou besluit wat jy moet glo?

As jou antwoord "ja" is, moet jy asseblief nie die vorm hieronder invul nie. Dit sal jou baie ongelukkig maak om elke week Vrye Weekblad te lees.




Om seker te maak jy kry Vrye Weekblad elke week, stuur die vorm aan ons en ons gee jou sommer 15% afslag. Dit sal jou R52 (AVB ingesluit) kos om vir 'n jaar in te teken, en R28 (AVB ingesluit) vir ses maande. Stuur dit aan: Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Ek wil graag vir 6/12 maande op Vrye Weekblad inteken en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir

R ..............................................

Naam..............................................

Adres:..............................................

..............................................

..............................................

**ONS STEEK NIKS WEG NIE**

# Regter Pickles in die pekel?

**Helen Suzman, LP vir Houghton, het onlangs 'n petisie en 'n mosie in die Parlement ingedien dat regter Jan Strydom van sy pos onthef word oor sekere van sy uitsprake. Ook in Brittanje is regters onderhewig aan kritiek, skryf MAX DU PREEZ**

LONDEN - Dit is nie net in Suid-Afrika waar daar tans omstredenheid is oor regters en hofuitsprake nie. Skerp debatte oor twee hofsake woed in Brittanje met sterk aandrang dat een van die betrokke regters onmiddellik afgedank moet word.

Terselfdertyd hou Suid-Afrikaanse regslui die huidige debat hier oor planne dat prokureurs voortaan soos advokate in die Hooggeregshof moet kan optree, met groot belangstelling dop.

Soortgelyke voorstelle in Suid-Afrika is tot dusver suksesvol afgeskiet, en verskeie senior lede van die Britse Hoërhuis en selfs regters dreig nou om te bedank as die Thatcher-regering voortgaan met die planne om groter kompetisie onder regslui in te voer en die reg so meer toeganklik vir die gewone man te maak.

Die mees omstrede hofsaak in 'n lang tyd in Brittanje is dié van regter James Pickles wat die 24-jarige Michelle Renshaw tot sewe dae tronkstraf gevonnis het weens minagting van die hof nadat sy te bang was om teen haar gewese kêrel te getuig.

Renshaw het verlede week in die hof aan Pickles gesê sy het tien dreigoproepe van haar gewese kêrel ontvang wat haar glo aangerand het, en is te bang om teen hom getuienis te lewer.

Pickles het haar 'n nag lank laat opsluit, en toe sy die volgende dag herhaal dat sy steeds te bang is, het hy die aangeklaagdes vrygespreek en Renshaw sewe dae lank tronk toe gestuur.

Renshaw, die ma van 'n vyfjarige seun, het ná haar vrylating gesê sy gaan beslis appelleer in die hoop dat "Pickles van die rol geskrap sal word en nooit weer toegelaat word om iets so verskrikliks aan iemand te doen nie". Verskeie regslui en lede van die Laerhuis het ook geëis dat Pickles bedank of afgedank moet word.

Pickles, wat al tevore baie mense ontstel het met uitlatings wat daarop neerkom dat vroue wat verkrag word daarna soek, het in 'n TV-onderhoud prontuit gesê niemand kan hom afdank nie en hy is beslis nie van plan om self te loop nie. Renshaw het die wet verbreek en hy het reg opgetree deur haar te laat opsluit.

Hy glo ook nie regters moet hulle "aan openbare kritiek steur en die hele tyd oor hul skouers loer nie".

In 'n ander saak is Ernest Barrie, 34, in die Hooggeregshof van Glasgow vrygespreek nadat 'n TV-program ernstige twyfel op sy vroeëre vonnis van 18 jaar gewerp het.

Barrie is in 1986 daaraan skuldig bevind dat hy 'n bank in Lanarkshire van 40 000 pond beroof het. Die BBC-program Rough Justice het egter later bewys dat dit nie Barrie was wat op die bank se film van die roof verskyn het nie.

Die program het met behulp van 'n metode wat "digital advancement" genoem word, bewys dat die man wat verfilm is, nie dieselfde lengte of gesigvorm as Barrie gehad het nie.

Die aanklaer, lord Fraser van Carmyllie, het in die hof gesê hy kan nie meer die skuldigbevinding steun nadat hy die video bestudeer het nie.

Regter Emslie het daarop beslis dat Barrie vrygespreek moet word. Hy het ook gelas dat 'n vonnis van drie maande wat aan Barrie opgelê is nadat hy voorverlede jaar 'n tronkbewaarder aangerand het, ter syde gestel moet word.

Die saak het heelwat ooreenkomste met 'n opspraakwekkende saak in Amerika waar 'n rolprent nou die onskuld van 'n man bewys het wat byna tereggestel is en al twaalf jaar lank in die tronk sit.

Die Hooggeregshof van Texas het Randall Adams se vonnis ter syde gestel nadat 'n sleutelgetuie in die staat se saak teen hom in 1976 nou in die dokumentêre film Thin Blue Line sê dit was hy, en nie Adams nie, wat 'n polisieman doodgeskiet het.

Die getuie, David Harris, het sy bekentenis teenoor filmregisseur Errol Morris gemaak terwyl hy in die dodesel was vir 'n ander moord. Twee ander staatsgetuies erken ook in die film dat hulle tydens die verhoor gelieg het.

Adams se doodsvonnis is kort voordat dit voltrek sou word, deur die Hooggeregshof versag. Sy vonnis is nou ter syde gestel en hy sal waarskynlik binnekort vrygelaat word.

# Onderhandel, selfs oor die politiek!

**Arbeidsrubriek deur Theo Heffer, 'n konsultant in nywerheidsverhoudinge**



'N AMPTENAAR van die National Union of Mineworkers (Num) het verlede week in sy reaksie op die begroting weer die bekende kreet "geen belasting sonder verteenwoordiging" na vore gebring.

Volgens dié vakbondleier het die tyd aangebreek dat werkers ernstig besin oor die vraag of die regering dit kan regverdig dat hy persone kan belas wat geen verteenwoordiging in die regering het nie.

Dié wat gewoond is om namens bestuur met vakbonde te onderhandel, weet dat daar dikwels in die verlede tydens loononderhandelings gevra is dat werkgewers moet weier om belasting van werkers se lone af te trek.

Sulke eise bring dikwels negatiewe reaksies van bestuur se kant mee, en word dikwels as onregverdig, onwettig, en polities-gemotiveerd beskou.

Num beweer dat die begroting sal bydra tot 'n afname in die lewenstandaard van swart werkers en dus die meerderheid van die bevolking en die armstes in die land.

Uit 'n heel ander oord is daar steuning vir hierdie bewering. Die uitvoerende direkteur van die Vryemarkstigting, Leon Louw, het ook die begroting gekritiseer.

Hy redeneer dat die mate van staatsinmenging in 'n landsekonomie regstreeks verband hou met ekonomiese groei, werkloosheid en inflasie. Hoe meer daar deur 'n regering ingemeng word, hoe laer die land se ekonomiese groei, en hoe hoër inflasie en werkloosheid.

Die mate van inmenging word vasgestel deur te kyk na watter persentasie belasting uitmaak van die bruto binnelandse produk. Omdat die regering in die begroting versuim het om sy deelname in die ekonomie wesenlik te verlaag, meen Louw dat ons verseker kan wees van 'n lae ekonomiese groeikoers, wat onder meer beteken dat die armes nog armer sal word.

Num sal natuurlik nie Louw se vryemarkstelsel steun nie. So ook Numsa, die reuse Cosatu-vakbond van metaalwerkers. Numsa se kritiek teen die begroting is veral dat hopeloos te min aan behuising en sosiale dienste bestee word.

Hulle beweer dat die regering sy verantwoordelikheid in die behuisingskrisis wil ontduik en dit op die privaatsektor wil afskuif.

Dit is nie my bedoeling om in hierdie rubriek kant te kies tussen die ondersteuners en teenstanders van die vryemarkstelsel nie. Nog minder wil ek die meriete van die kritiek teen die begroting bespreek.

Ek wil bogenoemde punte van die Vryemarkstigting, Num en Numsa as wesenlik in 'n belangrike debat aanvaar, en eerder die belangrikheid van onderhandelinge tussen werkgewer en werknemergroepe beklemtoon.

In die onmiddellike toekoms is dit onwaarskynlik dat werkers die stemreg sal kry, of dat werkgewers gewillig sal wees om teenstrydig met die wet op te hou om belasting af te trek.

Maar die groot voordeel van onderhandeling is juis dat albei partye aanvaar dat daar na mekaar geluister moet word, en toegewings gemaak moet word. In die soektog na bevredigende oplossings leer die onderhandelende partye mekaar ken, en mekaar se sienswyses en probleme beter verstaan.

Dit dra nie slegs tot 'n groter mate van arbeidsvrede by nie (en dit is belangrik genoeg), maar het ook 'n positiewe uitwerking in die breë samelewing.

Werkgewers kan bydra tot sosiale stabiliteit en orde deur in goeder trou in die werkplek te onderhandel, selfs oor "politieke" eise. Selfs minder aanvaarbare oplossings is beter as geen oplossing nie!

Geen enkele werkgewer - selfs alle werkgewers in die privaatsektor as geheel - kan die land se behuisingsprobleme oplos nie.

Maar onderhandeling gaan nie oor sulke volmaaktheid nie. Dié wat bereid is om probleme aan te pak waar dit hulle raak, vind dat hulle op verskeie maniere tot oplossings kan bydra.

Die privaatsektor kan die regering slegs beïnvloed wanneer die besef daar is dat dié sektor uit werknemers sowel as werkgewers bestaan.

Intussen kan werkgewers, verteenwoordig deur bestuur, en werknemers, verteenwoordig deur vakbonde, deur vrye onderhandeling help om verligting te bring waar daar weens politieke keuses ekonomies gely word.

# Nou's dit FW én PW!

**Ons inskrywings vir die Teken FW-kompetisie begin nou ietwat verskuif van spotprente van FW alleen na die stryd binne die Nasionale Party. Dié spotprente beeld FW de Klerk en PW Botha gewoonlik saam uit. FW, die oorspronklike Vaalseun, bly moeilik om te teken. Vra maar vir professionele spotprenttekenaars. Daar is altesaam R600 te wen in die kompetisie, en enigiemand kan deelneem. Ons wil ook graag die bydraes van studente aan universiteite en technikons sien. Die sluitingsdatum is 1 April. Stuur inskrywings aan: Teken FW-kompetisie, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**



Houvas PW! deur John Taylor




Links: Wie is die baas? deur Costas Kalarytis

Vrye Weekblad

## Kobie, die siener

Die geestelike welsyn van die Minister van Justisie, Kobie Coetsee, moet nou ernstig bevraagteken word.

Coetsee dreig nou om 'n koerant te sluit nog voordat die eerste uitgawe op straat verskyn het.

The New African, 'n Durbanse koerant wat beplan om 3 April op straat te wees, het 'n brief aan die minister ontvang waarin hy die redaksie aansê om redes te verskaf waarom die koerant nie verbied moet word nie.

Die minister het die koerant sommer onmiddellik skuldig bevind omdat hy met groepe soos die United Democratic Front en die National Education Crisis Committee gepraat het, en ook kontak gemaak het met ander koerante soos New Nation en South.

Hy sê die koerant sal "waarskynlik" soos New Nation optree, wat nie verbied is nie.

Die koerant het ook reeds 'n besoek van die veiligheidspolisie ontvang.

Het die land nou so ver op die pad van diktatuur geloop dat 'n minister die vermetelheid het om 'n koerant te wil verbied nog voordat hy op straat is?

Die Nasionale regering het 'n horde wetgewing waarmee hy teen koerante kan optree. Minister Stoffel Botha kan selfs 'n koerant sluit indien hy nie van die uitleg hou nie.

Coetsee is ook die minister wat van Vrye Weekblad 'n registrasiefooi van R30 000 gevra het. Dit lyk nou of hy die groot kanon is wat teen die pers optree, en nie meer Stoffel Botha nie.

Botha het ten minste (swak) redes aangevoer voordat hy koerante vir tydperke van 'n maand tot drie gesluit het. Coetsee wil koerante sluit nog voordat hy enige rede het.

Die volk moet buig voor die superieure voorkennis van siener Coetsee. 'n Man met soveel toekomsvisie verdien om staatspresident (of ten minste eerste minister) te word.

## 'n Tronk sonder tralies

Toe aanhouding sonder verhoor in 1963 deur die regering ingestel is, het Suid-Afrika 'n nuwe era van onmenslike onderdrukking betree.

Duisende het agter die tralies beland sonder dat enige poging aangewend is om hulle te vervolg en meer as 40 Suid-Afrikaners het reeds in aanhouding gesterf.

Die noodtoestand het aanhouding sonder verhoor uitgebrei en duisende is opgesluit, onder wie honderde jeugdiges en selfs kinders.

'n Duisend dae en langer is deur aangehoudenes uitgedien - sonder dat enige getuienis teen die oorgrote meerderheid ingebring is.

Die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, se onderhandelinge onlangs oor aangehoudenes moet verwelkom word - ondanks die feit dat dit 'n eetstaking gekos het om die regering tot sy sinne te bring.

Pleks van vryheid, word aangehoudenes wat "vrygelaat" word nou deur streng inperkingsbevele in tronke sonder tralies - hul eie huise - ingedwing.

Die optrede van die vier aangehoudenes wat hierdie week skuiling gesoek het in die Duitse ambassade het die soeklig geplaas op die regering se vrylatingsprogram.

Die verskuiwing van selmure is geen vryheid nie. As daar enige bewyse teen ingeperktes is, moet hulle hof toe geneem word.

## So sê hulle . . .

"Magnus, ek het my seun vir jou gegee. Jy het vir my 'n lyk sonder antwoorde gegee." - Willie Ferreira, wie se negentienjarige seun Leon in Februarie vanjaar in raaiselagtige omstandighede in die "operasionele gebied" dood is.


"'n Goeie drag slae vir ernstige oortredings bly steeds goeie boeresielkunde." - Ockie Goosen, skoolhoof.

"Gelykheid bestaan nie, nie eers in die hemel nie, want daar is hoofengele." - Eugene TerreBlanche.

"'n Onafhanklike Namibia sal nie basisse skep vir die destabilisering van enige buurstaat nie." - Swapo-president Sam Nujoma.

"Vir blanke Christene om in die swart wêreld te beweeg, om die konsekwensies van apartheid as't ware aan hul eie vel te voel, om die pyn van verwerping te moet smaak, is nie maklik nie." - Prof Piet Meiring.

"It is a logistical impossibility to prosecute anybody living in a 'seriously infiltrated' Johannesburg." - Prokureur-Generaal Klaus von Lieres oor die toepassing van die Groepsgebiedewet.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## Berig oor 'doodsfabriek' eensydig

**Lucas Malan van Kensington skryf:**

Ek wil u ten eerste gelukwens met die totstandkoming van u blad en my waardering uitspreek vir die onbevreesde wyse waarop u oor onaanvaarbare insidente en praktyke in die land rapporteer.

Terwyl ons almal in glashuise woon - net nie almal ewe knus verskans nie - vind ek dit nietemin belangrik dat u onthullende verslag lewer oor die skreiende dinge wat openbare figure - en veral hulle gades - hulself veroorloof. ('n Mens verlang byvoorbeeld na die dag wanneer ministersvroue na die voorbeeld van mnr Thatcher tuis en stil sal bly; en hul Engels opknap eerder as om skril toesprake voor niksvermoedende gehore te lewer).

Ten tweede moet ek u egter daarop wys dat die openbaring van ongeregtighede sonder uitsondering gebalanseerd moet wees. Van eensydige beriggewing het ons meer as genoeg. In u (vir my) skokkende artikel verlede week oor die prosedure rondom teregstellings in "Suid-Afrika se doodsfabriek" het u hierdie norm nie gehandhaaf nie.

Uit u weergawe van hierdie grusame praktyk wil-wil dit voorkom asof daar daagliks stringe mense opgehang word wat net gister nog babadoeke omgeruil of ou tannies oor die straat gehelp het. Nêrens in u verslag verneem ons van die redes waarom hierdie mense aangehou is of op grond waarvan hulle hierdie verskriklike straf opgelê is nie.

Het geeneen van hulle self ooit die rol van sinistêre laksman gespeel of die doodskaduwee oor 'n ander laat val nie? U haal ook net swart veroordeeldes aan, asof die "fabriek" net vir hulle bestem is. As u op geloofwaardigheid hoop, is so 'n aanslag nie goed genoeg nie.

### Vergeet die verlede

**'n Vrye Suid-Afrika Eerste van Pretoria skryf:**

Luister nou hier maats. Met verwysing na hierdie aanhoudende onderlinge gekyf, ongelukkig begin deur ons vriende Brolloks en Bittergal wat nou nog sukkel om oor die Boere/Engelse Oorlog te kom en heldhaftig voortgesit deur mense soos Miesies Clogg en Oubaas Hefer.

Hoe lank wil julle outjies soos true blue Kapees in die verlede rondknoei om te kyk of julle gemaalde glas in 'n ou koei kan kry? (Verskoon maar die mixed metafoor). Nee werklikwaar, kom nou by.

Dit gaan nie hier oor wie wat gedoen het in Sandton se broedertwis nie (of in die Boere/Engelse Oorlog nie). Ja ons weet ons klink asof ons vir kinders preek, maar dis hoe julle optree.

Dis nou tyd dat ons vergeet van al daai strooi en aangaan met die taak op hande. Dit is om 'n nuwe Suid-Afrika te skep - nou. Ja, ons smeek om Suid-Afrikaanse eenheid want ons is nou hartlik keelvol vir hierdie jammerlike behepheid met die verlede terwyl die toekoms nou al ons aandag verg.

Baie mense het baie goed gedoen binne en buite die parlement, en daar was ook baie wat ter bevordering van hulself baie k.. aangejaag het. Dis egter te vroeg om nou te begin pluimpies of pakslae uitdeel - die hoofdeel van die werk begin nou.

*(Enkele sinsnedes geskrap. - Red)*

### Moet lesers nie onderskat

**Lou-Marie Kruger van Aucklandpark, Johannesburg, skryf:**

Die Vrye Weekblad is met groot opwinding deur progressiewe/alternatiewe/andersdenkende (wat die term ook al mag wees) Afrikaanssprekendes ingewag. 'n Intelligente Afrikaanse koerant wat "die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika" wou word sou 'n leemte vul wat al lank gevoel word deur baie Afrikaanssprekendes.

Dit het egter gou duidelik geword dat so 'n nuwe stem baie maklik die wysie kan verloor en baie wanklanke kan voortbring. Ek voel dat die Vrye Weekblad op die oomblik besig is om sy lesers te onderskat.

Ons praat miskien toevallig Afrikaans, maar dit beteken nie ons het 'n obsessie met boereskandes en boereverneukery nie. Ons wil graag hê dat wanadministrasie, wanbestuur en oneerlikheid blootgestel word, maar dit beteken baie beslis nie ons wil in detail weet van perverse KP-lede en hul eienaardige slaapkamergedrag (VW 24 Februarie) nie. Watter punt die storie oor polisiemanne se "perversies" op die Pretoria-pad (VW 17 Maart) maak, is 'n raaisel.

Nie net hinder dit dat irrelevante en onbelangrike stories die koerant haal nie, maar dat sulke stories (soos die bogenoemdes en die afgesaagde Eugéne Terre'Blanche en Jani Allen-storie - 24 Februarie) prominent op die voorblad geplaas word, is werklik onverstaanbaar.

Selfs Rapport plaas sulke stories op sy agterblad.

Die waghondfunksie van enige koerant is baie belangrik, maar as iets onthul word, moet dit relevant wees. So byvoorbeeld was Anton Steenkamp se voorbladberig oor Regter Jan Strydom belangrik omdat dit 'n punt gemaak het: die regter se onlangse ongelukkige uitspraak was nie toevallig of 'n ongelukkie nie, dit kan verstaan word teen die agtergrond van sy vorige uitsprake.

Vrye Weekblad het nog te veel sensasionele onthullings en te min in-diepte kritiese artikels. Ons lees die koerant om op hoogte te bly van ontwikkelinge waaroor ons nie in ander Afrikaanse en selfs Engelse koerante kan lees nie.

Berigte oor debatte in die Left (bv Jacques Pauw se onderhoud met Laurie Ackermann, 3 Maart) en nuwe strategieë van demokratiese organisasies is uiters belangrik.

Die Vrye Weekblad is ook in die unieke posisie dat hy die mite van die Afrikaner en sy glorieryke geskiedenis in Afrikaans aan die kaak kan stel. Hoe Afrikaanse Suid-Afrikaners se geskiedenis verdraai en verwring is deur koelbloedige nasionaliste, is 'n ware skandaal wat onthul moet word as ons Afrikaans wil praat in 'n nuwe Suid-Afrika.

Volgens 'n advertensie in die uitgawe van 3 Maart is die Vrye Weekblad gerig op "beroepsmense, sakemense en senior administrateurs, akademici, studente, kunstenaars en skrywers". Moet hierdie mense nie onderskat deur 'n blad tot stand te bring wat meer sensasioneel as krities is nie.


Die doelwit is tog seker om Suid-Afrika deur eerlike intelligente joernalistiek vry te maak en nie om maar net op 'n Vrydag lekker te kan skinder nie.

**Nog briewe verskyn op bladsy 14**

# VRYDAG


Bylaag tot Vrye Weekblad, 23 Maart 1989

'n Nuwe versamelbundel, SA in Poësie/SA in Poetry, het pas verskyn. Die bundel verwerp die tradisionele siening van Afrikaanse poësie en beloof om 'n wending in die Afrikaanse literêre geskiedenis te veroorsaak - 5



Bo Diddley 'n kommunis? Yul Brunner 'n skinhead? Koop en lees Bits and Pieces: The Penguin Book of Rock and Pop Facts and Trivia - 2

Lou Reed se jongste sonder laagtepunte - 2



R20 000 vir Clegg se mentor - 3

Stryd om kulturele vryheid in Chinese rolprentbedryf - 3

Hou jy van papgekookte boontjies? - 4

Wie benodig ATKV se koskultuur? - 4

# Monumentale poging om Afrikaans te bevry

**'n Nuwe versamelbundel, saamgestel deur Johan van Wyk, Pieter Conradie en Nik Constandaras, met die titel SA in Poësie/SA in Poetry, het pas verskyn by Owen Burgess. Dit is in alle opsigte 'n gewigtige publikasie wat die tradisionele beskouing van die Afrikaanse poësie bevraagteken en wat beloof om die literêre wêreld so 'n bietjie in beroering te bring. RYK HATTINGH gee sy indrukke**

AS een frase verantwoordelik kan wees vir soveel beroeringe in die Afrikaanse literêre wêreld soos verlede jaar die geval was met Koos Prinsloo se Die hemel help ons, kan ek nie help om te wonder wat SA in Poësie/Poetry met én binne daardie selfde wêreld gaan aanvang nie.

Nie alleen word die tradisionele beskouing van die Afrikaanse poësie bevraagteken nie, maar die versamelbundel bied Suid-Afrikaanse gedigte op so 'n wyse aan dat 'n mens nie anders kan nie as om te hoop dat SA in Poësie/Poetry die literêre teoretici en ander strydlustiges sal dwing om hulself (én ons) 'n intellektuele blaaskans te gun deur 'n slag weer terug te keer na iets meer betekenisvol as Joan Hambidge bashing of onverstaanbare postmoderne de(kon)struktiewe verbeeldingsvlugte.

SA in Poësie/Poetry is in alle opsigte 'n gewigtige publikasie - 534 gedigte chronologies gerangskik volgens publikasiedatums, vanaf 8 Boesmanliedjies (dit is deesdae glo nie meer so kosjer om van Khoi en San te praat nie) uit die pre-koloniale tydperk in Suid-Afrika, deur die bloedige geskiedenis, tot en met 1987.

'n Versamelbundel wat, volgens die samestellers, ten doel het om enersyds tekste, wat nie so geredelik toeganklik was nie, beskikbaar te stel, en andersyds om die perke van die tradisionele eentalige bloemlesing te oorskry en ander Suid-Afrikaanse tale te betrek.

Teenoor die Groot Verseboek, wat in DJ Opperman se woorde "die mooiste Afrikaanse gedigte in een band (wil) saamvat" en met die klem op die estetiese, stel SA in Poësie/Poetry: "Die uitgangspunt is nie meer esteties nie, dws nie gerig op die beste of mooiste gedigte wat in 'n taal geskryf is nie, maar die gedigte wat insae bied in ideologiese formasies soos dit binne die geskiedenis staan."

Elke gedig in die bundel dien dus as ideologiese tekendraer van die betrokke tyd waarin dit tot stand gekom het, wegwysers op die ontwikkelingspad van bewussyn.

Die meeste gedigte deur die sowat 380 digters vervat in die versamelbundel het ontstaan binne, of verwys na stryd, struggle, oorlog. Bekende digters praat in minder bekende stemme. So stap Jan FE Celliers se osse nie gedweë deur die bundel nie, maar sy "Inboorlinge" (bl 215) beskuldig die wit man:

Boek hou hy
in ene hand,
gee dit nou
aan "swarte broer";
ander hand
hy hou die roer!
Nee, die witman
maak nie mooi nie;
ons het hom
nog nooit genooi nie!

Leipoldt sing ook nie 'n slampamperliedjie nie as hy die Afrikaner aanspreek in die gedig "Holland 10 Mei 1940" (bl 345):

Dis Heldedag vandag; van hanekraai
Tot slaaptyd toe kan ons die helde eer;
Volksleiers kan van lorries af oreer;
Oorlamse skoolseuns kan maar stokkies draai
En meehelp om die boerwors gaar te braai."

Maar dit is nie net die ouer Afrikaanse digters wat geleentheid kry om te praat nie, ander digters, dikwels misken of heeltemal geïgnoreer vanweë hul onestetiese anti-hegemoniese standpunte óf hul Algemeen onbeskaafde Afrikaans kry 'n beurt.

Vernon February in "Met Ekskusies aan Oom Gert Vertel" (bl 458) verwoord sy bitterheid as volg:

'Ja, neef, die storie van ons lyding',
sal Oom Gert vertel se ou relasie
van hul stryd om hul bevryding
laat klink soos 'n derderangse lykstasie.

Dit is ook verfrissend om Wopko Jensma, met meer verse in die bundel as NP van Wyk Louw, weer raak te loop. In "Jy het nie haas nie, nie tyd nie" (bl 541) woed hy voort:

is dit jy wat droom van slagtersnek?
jou glorieryke verlede, jou toekoms 'n afgrond
ja, jou kultuur is goud werd
jou taal uit jou bediende se mond gevat
en jy sing: ons vir jou ...

Maar daar is baie digters wat praat - Afrikaans, Engels, Tswana, Zoeloe - en die bundel skitter met poëtiese juwele wat, danksy die samestellers se deeglike ontginning, nie in klein tydskriffies of argiewe, waar die heersers sonder twyfel gehoop het dit sou bly, verlore geraak nie.

Die hele geskiedenis van die Klerewerkersunie in die dertigerjare, hul opstand teen die kapitalisme en hoe dit uiting gevind het in bydraes tot dié unie se maandelikse tydskrif Klerewerker/Garment Worker het amper verlore gegaan. Terwyl die ander Afrikaanse digters hoër en koue paaie bewandel het in 'n soeke na die aristokratiese ideaal, waarsku Mev J Clifford in "Dit is weer Mei-dag" (bl 318):

Dit is weer Mei-dag - die werk is verby
Kyk hoe juig die werkers, is hul tog nie bly?
Sien jul Hitler's kliek, julle moet nie skrik,
Want ons K.W. Uniewag staan klaar om te mik.
Kom ons demonstreer, daarbuite in die straat,
Daar's al die werkers vrolik en bly.
Kom Grobbelaar weer om ons te molesteer
Die K.W. Uniewag sal hom gou teer en veer.

'n Anonieme gedig "We, women" uit Garment Worker van Julie 1939 kan net so by die volgende FEDTRAW-vergadering gelees word:

We pledge ourselves tonight!
All people of this land,
be white their colour or be they dark,
Have got to live a decent life!
And it's our bounden duty to help them all!
So, workers, join the ranks of unity!
Join the ranks of strength!
Join the ranks of struggle for a better life for all!

Interessant om te sien dat DPM Botes weer 'n digter is. Die gedigte wat in die bundel opgeneem is, ís sy eie en nie geplagieërde Skandinawiese gedigte wat hom die gramskap van DJ Opperman op die hals gehaal en hom sy plekkie in die Groot Verseboek gekos het nie.

Frank Anthony se "robbeneiland my kruis my huis" verdien spesiale vermelding. Die agtergrondgegewe vervat in die voetnotas aan die einde van die gedig is baie insiggewend. Breyten Breytenbach en Jeremy Cronin se tronkverse kan ook met vrug vergelyk word.

Aan studiemateriaal skiet dit nie tekort in die versamelbundel nie. Gedigte lê langs mekaar, skree oor en weer beledigings aan mekaar, stem soms saam, en skep sodoende verhoudings tussen Suid-Afrikaanse gedigte en tale wat nog nie naastenby in die Suid-Afrikaanse literatuur geëwenaar is nie.

Afrikaans word uit die hande van die heersers geneem en geplaas langs ander ewe belangrike of onbelangrike tale.

SA in Poësie/Poetry is 'n monumentale poging om Afrikaans te bevry uit die hande én monde van die beleidmakers, regeringsamptenare en akademiese ivoortorings wat die taal nog beskou as besitting wat uitgedeel of teruggevat kan word. Afrikaans kom tot sy reg in die bundel, sy onlosmaakbaarheid van ander Afrika-tale in hul verhouding tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis word duidelik na vore gebring.

Die samestellers, Johan van Wyk, Pieter Conradie en Nik Constandaras, elk 'n digter in eie reg, het met die versamelbundel 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse letterkunde gelewer waarvan die invloed deur die geskiedenis alleen geoordeel kan word.

Die uitgewer Owen Burgess moet gelukgewens word met die keurige sagtebanduitgawe, en 'n mens kan nie anders nie as om te wonder hoe hulle dit reggekry het om die prys so laag te hou. Teen R43,68 kan niemand kla nie. Skaf die bundel so vinnig moontlik aan voordat dit ook staatsbesit word.



'n Illustrasie deur Chris Pretorius uit SA in Poësie/Poetry

**Mafika Pascal Gwala: In Defence of Poetry**

What's poetic
about Defence Bonds and
Armscor?
What's poetic
about long-term sentences
and
deaths in detention
for those who "threaten state
security"?
Tell me
What's poetic
about shooting defenceless
kids
in a Soweto street?
Can there be poetry
in fostering Plural Relations?
Can there be poetry
in the Immorality Act?
What's poetic
about deciding other people's
lives?
Tell me brother,
What's poetic
about defending herrenvolkish
rights?
As long as
this land, my country
is unpoetic in its doings
It'll be poetic to disagree.

**Fhazel Johennesse: Bra Bizza Dink According Change**

Well gents
Julle moet verstaan dat
Ons het by die lanie gegaan
Om te sê how long?
Ons weetie om te sê ons is dik
Van die apartheid style
Hy het ons só gekyk en hy weetie
Well you see we are changing slowly
Maar nê man ons kan mossie forever
wag
En ek wat Bra Bizza is vertel jou jack
Ons sal wag tot Piet kom
Nou jy maak uit
As die lanie nie change nie
Dan moet ons van self change
Genuine jack
Die change lê by ons
Nie by die lanie nie.

Ons verkoop die allerbeste inheemse handwerk en kuns.
Ons rare artikels is 'n fees vir die oog én die sak
ZONA
Grantlaan 64, Norwood
Tel: 728-4154

